

Donderdag 4 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 16:5-15

Fokusgedeelte: Johannes 16:14; HK Sondag 20, Antwoord 53

Die Heilige Gees as Gewer

Die Heilige Gees is nie net 'n gawe van God nie, maar omdat Hy self waarlik God is, is Hy ook 'n gewer. Saam met ons Kategismus bely ons hier: “Hy is ook aan my gegee om my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel te laat kry ...” In hierdie woorde leer ons die Heilige Gees as gewer ken. Die Heilige Gees laat ons deel in al die weldade wat Christus vir ons verwerf het. Daarna word gewoonlik verwys met die term: die *heilsorde*. Dit sluit die volgende gawes en weldade in: roeping, weergeboorte, geloof, be-kering, regverdiging, heiliging, volharding en verheerliking. In die Kategismus is daar net sprake van geloof. Ons moet dit egter so verstaan dat die woord *geloof* hier al die ander genoemde gawes van die Heilige Gees insluit.

Die Heilige Gees gee aan ons 'n ware geloof en Hy doen dit deur die verkondiging van die Woord (1 Pet. 1:23-25). Dat die Heilige Gees die geloof in ons tot stand bring deur die verkondiging van die Woord, is ook heeltemaal verstaanbaar, want die Bybel is mos die boek van die Heilige Gees (2 Tim. 3:16, 17). Hy is self die eintlike skrywer daarvan, al is die letters deur die hande van mense opgeteken. Die Heilige Gees bring egter nie net die geloof in ons deur die Woord tot stand nie. Deur dieselfde Woord versterk die Heilige Gees ook ons geloof. Hy versterk dit verder deur die sakramente.

Wat is egter die grootste gawe wat die Heilige Gees ons skenk? *Dit is Jesus Christus!* Ons Kategismus sê immers dat Hy ons aan Christus en al sy weldade deel laat kry. Die doopsformulier sê dat die Heilige Gees ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het. Hy het self ook van die Heilige Gees gesê: “*Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig*” (Joh. 16:14). Ons moet goed onthou dat Christus en al sy weldade vir ons niks sou beteken het as die Heilige Gees dit nie aan ons gegee en tot ons eiendom gemaak het nie. As die Heilige Gees my nie in Christus en my verlossing deur Hom laat glo het nie, sou Christus vir my geen betekenis gehad het nie.

Hoe wonderlik is die werk van God tog nie! *Dit is Jesus Christus wat die Heilige Gees aan my gee, en dit is die Heilige Gees wat Christus en al sy weldade aan my gee!* Hoe kan ons God ooit genoeg dank vir sy genade!?